(See English notice below)

MUNISIPALITEIT SWARTLAND

Uitnodiging om te registreer as eerste koper van vaste eiendom vir die aankoop van residensiële eiendomme in die Glen Lily Suid ontwikkeling, Malmesbury

---

Munisipaliteit Swartland is die eienaar van 37 onbeboude residensiële erwe in die ontwikkeling bekend as Glen Lily Suid, geleë aan Piketbergweg, Malmesbury. Gemelde eiendomme vorm deel van die Glen Lily Suid Huiseienaarsvereniging, wat gereguleer word in terme van die Grondwet van gemelde vereniging, asook vasgestelde Ontwerpsriglyne ingevolge waarvan wonings op die eiendomme opgerig moet word.

'n Kaart wat die ligging toon van die 37 erwe ter sprake, asook die Glen Lily Suid Huiseienaarsvereniging se Grondwet en Ontwerpriglyne kan van die munisipale webtuiste (www.swartland.org.za) bekom word.

Dit is die voorneme van die Munisipaliteit om gemelde 37 erwe deur 'n mededingende proses beskikbaar te stel aan voornemende **eerste kopers van vaste eiendom**, te wete natuurlike persone wat nog nooit die eienaar van enige onroerende eiendom was nie, en welke persone tans binne die jurisdiksiegebied van die Munisipaliteit woonagtig is. Die eiendomme word dus nie vir spekulasiedoeleindes of aan regsentiteite aangebied nie, en ook nie vir persone wat tans of vantevore oor onroerende eiendom beskik het nie.

Belangstellende persone wat voldoen aan bogemelde omskrywing en wat belang stel om in aanmerking te kom om een van die 37 eiendomme aan te koop, word hiermee uitgenooi om hulself te laat registreer op 'n databasis van eerste kopers van vaste eiendom. Dit sal van sodanige persone vereis word om 'n aansoekvorm te voltooi, en om hulle te onderwerp aan 'n aktesnasoek asook die verifikasie van inligting ingevolge die Wysigingswet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2017 (Wet 1 van 2017).

'n Inligtingsessie sal mettertyd geskeduleer word met slegs die persone wat op die databasis geregistreer is, om alle voorwaardes en verpligtinge wat met die verkoop van die eiendomme verband hou, bekend te maak, alvorens die eiendomme te koop aangebied word.

Belangstellende persone word hiermee uitgenooi om met Me Madelaine Terblanche by die munisipale kantoor te Kerkstraat 1, Malmesbury (Tel 022-487 9400) in verbinding te tree om die vereiste aansoekvorm te bekom. Gemelde aansoekvorm moet voltooi en teen nie later nie as Vrydag, 20 Julie 2018 by Me Terblanche ingehandig word.

MUNISIPALE KANTORE
PRIVAATSAK X52
MALMESBURY
2018

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER
10 JULIE 2018

SWARTLAND MUNICIPAILTY

Invitation to register as first buyer of fixed property for the purchase of residential properties in the Glen Lily South development, Malmesbury

Swartland Municipality is the owner of 37 vacant residential erven in the development known as Glen Lily South, located on Piketberg Road, Malmesbury. Said properties form part of the Glen Lily South Homeowners Association, which is regulated by the Constitution of the homeowners association, as well as specified Design Guidelines in terms of which dwellings are to be erected on the properties.

A map indicating the location of the 37 erven concerned, as well as the Constitution and Design Guidelines of the Glen Lily South Homeowners Association can be obtained from the municipal website (www.swartland.org.za).

It is the intention of the Municipality to present said 37 erven by means of a competitive process to aspiring **first buyers of fixed properties**, i.e. natural persons who have never owned any immovable property, and which persons are currently resident within the Swartland municipal area of jurisdiction. The properties will therefore not be offered for speculation purposes, and also not to legal entities or persons who presently own or have previously owned immovable property.

Interested persons who meet the above description and who are interested to be taken into consideration for purchasing one of the 37 properties, are hereby invited to have themselves registered on a database of first buyers of fixed properties. It shall be required from such persons to complete an application form, and to subject themselves to a deeds search, as well as to have information verified in terms of the Financial Intelligence Centre Amendment Act, 2017 (Act 1 of 2017).

A briefing session will be scheduled in due course with only the persons registered on the data base, to communicate all conditions and obligations incidental to the sale of the properties, before the properties will be offered for sale.

Interested persons are hereby invited to contact Ms Madelaine Terblanche at the municipal offices, 1 Church Street, Malmesbury (Tel 022-482 2978) to obtain the required application form. Said application form must be completed and submitted to Ms Terblanche by no later than Friday, 20 July 2018.

MUNICIPAL OFFICES
PRIVATE BAG X52
MALMESBURY

J J SCHOLTZ
MUNICIPAL MANAGER
10 JULY 2018